Die Voortrekkers

03 November 2026

Beste Voortrekker,

THABA INVICTUSKAMP[1] : (02)03 – (08)09 JANUARIE 2027

Graag nooi ons jou uit na **Thaba Invictuskamp 2027** wat plaasvind

<u>Kampbestuur, Kampsteun, alle mentors en die Shibumigroep</u>: 02 – 09 Januarie 2027.

<u>Kadet-Rigtergroep</u>: 03 - 09 Januarie 2027.

<u>Voorlopergroep en Raakvattergroep</u>: 03 – 08 Januarie 2027

Kom kamp saam tydens die **Thaba Invictuskamp** en neem deel aan ‘n heerlike ontspannings-, opleidings- en dienslewerings geleentheid. Dit is die ideale geleentheid om batterye te laai vir 2027, met ou kamerade te kuier en nuwe vriendskappe te sluit!

INSKRYWINGSINLIGTING, **BELANGRIKE INLIGTING** en **INPAKLYS** word hier onder verskaf. Lees asseblief beide noukeurig deur.

Ons huis wag!

Vriendelike Thabagroete

Dr Willie Wagner
Kampleier

[1] **Thaba Invictuskamp** is ‘n **gebiedskamp** van Leeuwenveld Voortrekkers

GELOOF
RESPEK
INTEGRITEIT
TROTS

thabakamp.co.za

https://www.facebook.com/ThabaKamp

NEEM ASSEBLIEF KENNIS !

- Om op 'n Voortrekkerkamp te mag kamp, moet jy 'n **ingeskrewe Voortrekker** wees. Jeuglede registreer as Verkenner en volwassenes as offisier, heemraadslid of jeugvriend (https://registrasie.voortrekkers.co.za). Lg het geen finansiële of ander verpligting teenoor die Beweging nie. Kontak asb jou naaste kommando of die kampsekretaris in hierdie verband.
- As jy enige navrae oor bepaalde kursusse/groepe het, skakel gerus lede van die Kampbestuur (kyk **BYLAAG A: KAMPBESTUUR THABA INVICTUS 2027)**

INSKRYWINGSINLIGTING

1. KAMPDATUMS EN AANMELDTYE

GROEP	AANMELDING	AFSLUITING
Kampbestuur **Kampsteun** **Alle kursusmentors** **Shibumigroep**	10:00, 02 Januarie 2027	13:00, 09 Januarie 2027
Kadet-Rigtergroep	10:00 03 Januarie 2027	13:00, 09 Januarie 2027
Voorlopergroep en Raakvattergroep	10:00 03 Januarie 2027	11:00, 08 Januarie 2027

1. Niemand sal toegelaat word om te vertrek voordat die kamp verdaag het nie. In uitsonderlike gevalle kan spesiale reëlings getref word met die kampleier By wagnerw@lantic.net.

2. Die **eerste ete** wat die kombuis sal voorberei is die **aandete van Saterdag, 02 Januarie 2027**. Enige etes voor dan, moet self voorsien word.

3. INSKRYWINGS

1. Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar. **Om in te skryf, gaan na:** skryfin.co.za .

2 Klik op die **Thaba Invictuskamp** skakel.

3. Inskrywings open **16:00 op 03 November 2026** en sluit **12:00 op 15 Desember 2026**

4. KURSUSSE, GROEPE EN KAMPFOOIE

1. Die lys van kursusse, dienspunte en kampfooie kan gevind word by **BYLAAG B: GROEPE, DIENSPUNTE EN KAMPFOOIE: THABA INVICTUSKAMP**

2. Let asseblief daarop dat ons vanweë logistieke redes ons kursusgetalle moet beperk.

INSKRYWINGSINLIGTING		
5.	**BETALING**	1. Nadat jy ingeskryf het vir 'n groep, sal 'n **bevestigingde SMS en e-pos** aan jou en jou ouers gestuur word, Dit bevat die **bankbesonderhede**, sowel as jou **verwysingsnommer** vir gebruik met betaling. 2. **Betaal asseblief binne 5 werksdae na inskrywing**, so nie kan jou naam van die lys verwyder word en jou plek in die groep deur 'n ander Voortrekker geneem word. 3. Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan: wagnerw@lantic.net.
6.	**ONTTREKKING NA INSKRYWING**	1. **Na 23 Desember 2026** is alle aankope reeds gedoen en **geen terugbetaling** sal daarna met onttrekking uit 'n kursus **gemaak kan word nie**. 2. Sou 'n Voortrekker onttrek, kan 'n ander Voortrekker in sy / haar plek kom kamp. Verkenner **plaasvervangers** moet egter in **dieselde graad en kursus** wees. Só 'n reëling en navrae in hierdie verband moet asseblief gerig word aan **0723127722 of 0829213822**.
7.	**INPAKLYS**	**1.** Die **INPAKLYS** vir word aangeheg by **BYLAAG C: INPAKLYS: THABA INVICTUS 2027.** **2.** Die inpaklys vir Kadet-Rigters word persoonlik met hulle gekommunikeer. **3.** Die **kampbrief** is ook beskikbaar by: thaba.voortrekkers.co.za
8.	**TERREIN EN ROETE AANWYSING**	1. Thaba is **80km van Pretoria** af. GPS koördinate van die hek is: 26° 31' 27.47" Suid; 27° 40' 26,61" Oos. 2. Besigtig die terrein by: https://goo.gl/maps/I1Mej 3. Aanwysings na die terrein is soos volg: Ry via Hartbeespoort op die R511 na Brits. Ry deur Brits, sonder om af te draai, met die Thabazimbipad (R511). Volg die pad na Thabazimbi vir ± 11 km. Draai links by die BETHANIE afrit (groot bord wys "Walk with Lions", Ukutula Lodge Lion Park). Volg die pad (sonder om weer af te draai) vir ± 8 km (laaste 3 km is openbare grondpad). Draai links by die Thaba naambord,100m na hoogspanningsdrade oor die pad.
9.	**VERVOER**	**Eie vervoer na en van die kamp**. Dit word ten sterkste aanbeveel dat saamry geleenthede gereël word om hierdie koste tot 'n minimum te beperk.
08.	**VERBLYF**	**1. Verkenners.** Russiese tente ("Thaba tente") word verskaf. Eie klein tente moet nie saamgebring word nie. **2. Volwassenes** a. Volwassenes verskaf hul **eie tente/boswaens//karavane** b. **Ongetroude lede van die teenoorgestelde geslag**, word nie toegelaat om 'n tent te **deel nie**.

INSKRYWINGSINLIGTING		
		c. **Verkenners wat kursusgangers is** van wie die ouers op die kamp is, **deel nie tente met ouers nie**, maar **bly saam met hulle mede-kursusgangers in Thaba tente**

BELANGRIKE INLIGTING		
1.	**SNOEPIE**	Daar sal ‘n snoepie tydens die kamp bedryf word waar lekkergoed, koeldrank en aandenkings aangekoop kan word.
2.	**THABA PETTE**	1. **Werkspette** in die kleur van die bepaalde groep **word aan alle Verkenners verskaf**. 2. Thaba se **gekamoefleerde fidelpette** is die **seremoniële drag** en kan aangekoop word teen **R150.00**.
4.	**SIGARETTE, DRANK, DWELMS EN ITEMS VAN SEKSUELE AARD**	1. Die **gebruik of die besit** van **sigarette en e-sigarette deur jeuglede, sowel as alkoholiese drank, dwelmmiddels (insl dagga)** en items van seksuele aard, soos pornografie, deur **alle kampgangers** is **verbode**. 2. **Volwassenes rook/e-rook nie** in die **teenwoordigheid/ten aanskoue van jeuglede nie**. **Waterpype** (Hubbly Bubbly) word **nie** op die kamp **toegelaat nie**. 3. ‘n Inskrywing vir hierdie kamp impliseer dat **hierdie beleid verstaan en nagevolg sal word** en dat die kampganger **in geval van ‘n oortreding / beweerde oortreding** aan die Voortrekkers se dissiplinêre proses onderwerp kan word.
5.	**KLEREDRAG**	1. Gegewe die weer en veldomgewing dra ons **veldklere** en word die volgende **asb nie gedra nie**: a. Bloese/hemde met ‘n **lae hals en/of skouerbandjies**. b. Kortbroeke wat **hoër as die middel van die bobeen** strek/gesny is. c. Broeke wat so **styf span of gesny/gerafel** is dat dit min aan die verbeelding oorlaat. d. **Plakkies/oop sandale** wanneer in die veld geloop word. Dra toe skoene/tekkies e. Stywe Broeke/"jeggings"/"leggings" mag slegs gedra word saam met 'n lang bloese/t-hemp wat tot onderkant die boude strek. 2. **Kamoefleerdrag**. Kamoefleerdrag. Dit is ‘n kriminele oortreding om die huidige SAPD of SANW uniformstukke ongemagtig te besit of te dra (Verdedigingswet No 42/2002, Hoofstuk 17, Artikel 5). Laat asb sulke

BELANGRIKE INLIGTING		
		uniformstukke by die huis. Buitelewe- en klerewinkels het ook "kamoefleerdrag" as jy dit graag wil dra.. 3. Indien enige onvanpaste of nie-toelaatbare klere gedra wrd, kan die kampganger aangesê word om ander klere aan te trek.
5.	**VRYWARING**	1. Die standaard vrywaring van Die Voortrekkers, vir volwassenes en jeuglede, is van toepassing en deur in te skryf aanvaar die ingeskrewe persoon/ouers/voogde sodanige vrywaring. 2. Die kampdagbestuur van Thaba Invictus Kamp behou die reg om enige inskrywing vir Thaba Invictus Kamp 2027 te weier.

BYLAAG A: KAMPBESTUUR THABA INVICTUSKAMP

AMP		NAAM EN VAN	KONTAK NR	E-POSADRES
Kampleier		Willie Wagner	082 921 3827	wagnerw@lantic.net
Praefecti		Jaco van der Walt	072 312 7727	jaco@vanderwalt.email
		Jacques Botha	084 505 5733	
Kampsekretaresse		Annatjie Steyn	082 851 3090	annatjie.steyn@standardbank.co.za
Kamptesourier		Lize Lang	083 326 2659	
Hoof-Veldwagmeester		Corine Jansen	060 961 2742	
Groepleiers	Kadet-Rigtergroep	Peter Smith	078 972 7952	
	Shibumigroep	Elzanri Botha	064 752 8532	
	Voorlopergroep	Louis Keyser	083 308 1757	
	Raakvattergroep	Annemarie Grobbelaar	083 631 9947	

BYLAAG B: GROEPE, DIENSPUNTE EN KAMPFOOIE: THABA INVICTUSKAMP

Kursus / groep	Wie	Dienspunt / Pos	Koste
KADET-RIGTERGROEP *Leierskapsvaardighede* *Selfverwesenliking*	Jy is **genooi** om die Kadet-Rigterkursus mee te maak.	KURSUSGANGER	**R1475**
	As jy gevra is/gevra het om as mentor vir Kadet-Rigters op te tree.	MENTOR	**R1100**
	Jy is aangestel as Groepleier	GROEPLEIER	**R950**
SHIBUMIGROEP	As jy vir die **eerste keer** as Staatmaker of jong offisier die Invictus-kamp bywoon **EN/OF** nog nie Thaba se mentoropleiding ondergaan het nie	KURSUSGANGER	**R1300**
	As jy gevra is/gevra het om 'n mentor by die Shubumigroep te wees.	MENTOR	**R1100**
	Jy is aangestel as Groepleier	GROEPLEIER	**R950**
VOORLOPERGROEP *Tradisionele spele* *Radiospraak* *(slegs* 40 kursusgangers)	As jy in **Gr 8 (2027)** is en voorberei wil word vir die hoërskool en sy uitdagings EN jou eerste twee Verkennerkentekens wil verwerf.	KURSUSGANGER	**R1150**
	As jy gevra is/gevra het om as mentor by die Voorlopergroep te wees.	MENTOR	**R1100**
	Jy is aangestel as Groepleier	GROEPLEIER	**R950**
RAAKVATTERGROEP	As jy 'n toekomstige Verkenneroffisier is of net meer oor die hantering van Verkenners en Verkennerspanne wil leer.	KURSUSGANGER	**R1250**
	As jy gevra is/gevra het om as mentor vir die Raakvattergroep op te tree.	MENTOR	**R1100**
	Jy is aangestel as Groepleier.	GROEPLEIER	**R950**
KAMPSTEUN	As jy gevra is of gevra het om te kom diens doen op die Invictuskamp.	VELDWAGMEESTER	**R950**
		ALGEMENE DIENS (insl sjef, snoepie, noodhelper)	
KAMPBESTUUR	As jy gevra is om te kom diens doen op die Invictuskamp in een van die poste.	KAMPLEIER	**R950**
		PRAEFECTUS	
		KAMPSEKRETARIS	
		KAMPTESOURIER	
		VLAGMEESTER	
		KAPELAAN	
GELEENTHEIDS-KAMPER	Indien jou verlof beperk is en jy net vir 'n dag of twee wil huis toe kom.		**R160 per dag**
STEUNSPAN	Slegs Verkenners wat kinders is van diensdoenende volwassenes en wat nie by Kadet-Rigters of Voorlopers inskakel nie.		**R600**
VOORSKOOL EN LAERSKOOLKINDERS	Voorskoolse en laerskoolkinders van diensdoenende volwassenes.		**Gratis**

Belangrik!

1. Die **eerste ete** wat die kombuis sal voorberei is die **aandete van Saterdag, 02 Januarie 2027**. Enige etes voor dan **moet self voorsien word.**
2. Alle kampreëls geld ook oor die voorbereidingstydperk.

BYLAAG B: GROEPE, DIENSPUNTE EN KAMPFOOIE: THABA INVICTUSKAMP

Kursus / groep	Wie	Dienspunt / Pos	Koste
3. 'n **Kampraadsvergadering** vind plaas om **20:00 op 02 Januarie 2027. Bywoning is verpligtend vir alle volwassenes wat Thaba Invictus 2027 bywoon.**			

BYLAAG C: INPAKLYS THABA INVICTUS 2027

OFFISIERE & STAATMAKERS, ONTHOU OM DIE VOLGENDE SAAM TE BRING (as jy dit het):






ALGEMENE INPAKLYS VIR ALMAL

- ☐ **KAMOEFLEER FIDELPET (AS JY EEN HET)**
- ☐ Bybel (goed beskerm in 'n plastiek of waterdigte sak)
- ☐ Voortrekker gholfhemp (Aktiewe drag)
- ☐ Gemaklike ou klere vir die week
- ☐ 'n Warm trui/baadjie/Drimac
- ☐ T-hemp en broek om in te slaap (nie slaapklere nie)
- ☐ Reënjas of poncho
- ☐ **Stapskoene/stewels en goeie kouse** wat die veld kan hanteer en jy mee kan stap. Geen plakkies/sandale/oop skoene nie
- ☐ Gumboots (as jy wil)
- ☐ **Toiletware** en **Medikasie** soos nodig. Medikasie is elkeen se eie verantwoordelikheid. Hulp/toesig sal egter op versoek verleen word. Medisyne wat in 'n yskas gebêre moet word, sal ingeneem word.
- ☐ Sonblok (faktor 30 of hoër) (as jy wil)
- ☐ Insekweermiddel (teen bosluise, muskiete, ens) (as jy wil)
- ☐ 'n **300 ml Beker** (papierborde en plastiek eetgerei word verskaf)
- ☐ Slaapsak en kussing – nie beddegoed nie.
- ☐ 'n Stappersmatras om op te slaap (as jy wil) – nie 'n kampbed of "stretcher" nie.
- ☐ Knipmes of "multitool"
- ☐ Pen of potlood en 'n notaboekie wat in jou sak pas
- ☐ Sakgeld vir die snoepie
- ☐ Flits of kopflits met spaar batterye
- ☐ Waterbottel (minimum van 1 liter) wat jy saam met jou kan dra
- ☐ Badkamermatjie (met rubber laag) om op te sit, veral as dit nat is, nie 'n kampstoel nie. (as jy wil)
- ☐ Minstens **3 vuilgoedsakke** vir jou eie gebruik. Enige kleur, maar die deursigtiges is die beste.
- ☐ 'n Klein rugsak/dagsak (25 – 30 liter)

ONTHOU!

- **BRING T-HEMDE/HEMDE WAT JOU SKOUERS BEDEK TEEN DIE SON**
- **ALLE THABANIETE SLAAP MINSTENS EEN NAG IN DIE VELD**

ADDISIONELE INPAKLYS PER GROEP

VOORLOPERS

Geen addisionele behoeftes buiten die ALGEMENE LYS, tensy anders met jou gekommunikeer.

MENTORGROEP

Jy gaan aan 'n veldoefening deelneem en een nag uitslaap. Bring dus ook:

- ☐ Dagrugsak (± 25 liter) Kyk onder vir die ideale sak.
- ☐ Slaapsak
- ☐ Grondseil (ongeveer 2m x 1.5m)
- ☐ 10m tou (katoen)
- ☐ Warm klere
- ☐ Lepel
- ☐ Dixie, gemaak vir die Padvinderkursus. As dit weg is of jy het dit nog nie gemaak nie, kyk onder.
- ☐ **Knapsak/broodsak (as jy een het)**

KADET-RIGTERS

Addisionele behoeftes buiten die ALGEMENE LYS, sal met jou gekommunikeer word.

RAAKVATTERS

Geen addisionele behoeftes buiten die ALGEMENE LYS, tensy anders met jou gekommunikeer.

ANDER VOLWASSENES

Geen addisionele behoeftes buiten die ALGEMENE LYS, tensy anders met jou gekommunikeer.

WAT IS NIE NODIG NIE...

- Ekstra klere buiten dit wat voorgeskryf is.
- 'n Klomp snoeperye. **Alles smelt in die warm weer.** Daar is genoeg lekker kos om te eet en daar is **'n snoepie op die kamp.**
- **Verkenners (Steunspanlede uitgesluit), geen tente** word benodig nie. **Jy word voorsien van 'n TENT**

LOS LIEWER BY DIE HUIS…

- Om wegraak te verhoed, los liewer duur items en kosbaarhede by die huis.
- **Die gebruik/speel met selfone word nie toegelaat tydens kursustyd nie. Selfone word nie gelaai nie. Laat selfone asseblief by die huis.**
- **Kadet-Rigters se selfone word ingeneem vir veilige bewaring, aangesien hulle meestal in die veld werk.**

DAGSAK (25 LITER)



NOODNOMMERS OP DIE KAMP

Praefectus (Jaco van der Walt): 072 312 7722
Kampsekretaris (Annatjie Steyn): 082 851 3090
Kampleier (Willie Wagner): 082 921 3822



OOK AANVAARBAAR





NIE AANVAARBAAR NIE

